Honde help kinders

Elsabé Brits

Kaapstad. – Opgeleide terapiehonde kan help dat kinders wat baie swak lees binne weke soveel verbeter dat hulle selfs beter vaar as wat van hulle vereis word.

Dr. Marieanna le Roux, dosent in die Universiteit van Stellenbosch se sielkundedepartement, het pas haar doktorsgraad verwerf met 'n studie oor dié troeteldier-ondersteunde terapie. Dit was die eerste navorsingstudie in sy soort in die land. Vorige studies het reeds getoon dat 'n mens se bloeddruk daal en jou polsslag afneem wanneer jy aan 'n hond raak. 'n Mens is ook minder angstig en depressief wanneer jy dit doen.

"Deur honde te gebruik om kinders te help lees, beteken bloot die hond aanvaar die kind soos hy is. Hy gaan nie met die kind raas of vir hom lag nie," vertel sy.

Sy het kinders van gr. 3 wat nie op hul voorgeskrewe vlak gelees het nie in vier groepe verdeel. Een groep het vir 'n hond en sy eienaar gelees; 'n tweede groep het vir 'n leesfasiliteerder gelees; 'n derde groep het vir 'n teddiebeer en 'n leesfasiliteerder gelees; en die kontrolegroep was nie deel van die program nie.

Die groep wat hardop vir die honde en hul eienaars gelees

Beeld Saterdag 23 Maart 2013

om baie beter te lees

5%

van ouers lees vir hul kinders

het, het vir tien weke drie maal per week vir die honde gelees. Die kinders het eers vyf minute met die hond gespeel, dan 'n boek gekies en daarna 15 minute lank vir die hond gelees. Daarna het hulle weer vyf minute met die hond gespeel.

"Die eienaar van die hond het namens die hond gepraat en met moeilike woorde gehelp."

Slegs 9 kinders uit 'n groep van 138 kon op die gr. 3-vlak lees, terwyl 75% net op gr. 1-vlak kon lees.

Die kinders wat vir die honde gelees het, het ná die tyd "beduidend beter" as die ander drie groepe gevaar. "Aan die einde het van hulle selfs op gr. 4- en gr. 5-vlak gelees. Hulle was ook minder afwesig en het 'n beter leesbegrip getoon."

Die honde en hul eienaars is opgelei as deel van Pets as Therapy.

Le Roux sê navorsing van die Suid-Afrikaanse Boekontwikkelingsraad het getoon net 14% van alle ouers lees vir plesier en net 5% lees vir hul kinders.

Dr. Marieanna le Roux